



Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

PUNTE-TOTAAL

--

NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN  
NOVEMBER 2020

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL I**

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 3 uur

150 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

- 1. Hierdie vraestel bestaan uit 44 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
- 2. Die vraestel bestaan uit Afdeling A (25 punte), Afdeling B (75 punte) en Afdeling C (50 punte).
- 3. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en lewer dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die spasie wat voorsien word, te skryf.**
- 4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
- 5. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
- 6. Lees die vrae sorgvuldig. Let op die bewoording van die vrae, soos verduidelik, noem, kies, bespreek en identifiseer, en beantwoord dan dienooreenkomstig.
- 7. Gee jou antwoorde in algemene terme. Gebruik handelsname slegs wanneer jy gevra word. Gebruik byvoorbeeld "woordverwerker" in plaas van "Microsoft Word" of "WordPerfect".
- 8. Gewoonlik word 'n punt per feit toegeken. 'n Tweepuntvraag sal dus twee feite vereis, ensovoorts.
- 9. **MOENIE KORRIGEERVLOEISTOF GEBRUIK NIE.**
- 10. Een blanko bladsy (bladsy 44) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Gebruik hierdie bladsy indien jy te min spasie vir 'n vraag het. Dui die vraagnummer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

**SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK:**

NASIENER MOET PUNTE HIERONDER INSKRYF									
V1	V2	V3	V4	V5	V6	V7	V8	V9	TOTAAL
15	10	20	19	10	12	14	26	24	/150
NASIENER/MODERATOR MOET HIERONDER PARAFEER									

**AFDELING A**

**VRAAG 1**

1.1 Kies die woord(e) in Kolom B wat die **BESTE** by die definisie in Kolom A pas. Skryf **SLEGS** die letter van jou keuse in die spatie wat voorsien word, byvoorbeeld 1.1.6 M.

	<b>Kolom A</b>	<b>Kolom B</b>
1.1.1	Volledige sagtewarepakkette wat vir 'n proeftydperk en teen geen koste vir 'n gebruiker beskikbaar is.	A. plagiaat
1.1.2	'n Alternatiewe tegnologie wat vir identifikasie-doeleindes gebruik word.	B. QR
1.1.3	Wette wat eienaarskap en regte op intellektuele eiendom beskerm.	C. pad
1.1.4	'n Webprotokol wat deur blaaiers en webbedieners gebruik word om veilige data-oordrag te voorsien.	D. RSS
1.1.5	Die kombinasie van name wat aandui waar 'n gids of lêer op 'n rekenaar gestoor word.	E. oopbron-sagteware
		F. HTML
		G. kopiereg
		H. https
		I. adres
		J. deelware
		K. txt
		L. RFID

**SKRYF JOU ANTWOORD HIER**

1.1.1		(1)
1.1.2		(1)
1.1.3		(1)
1.1.4		(1)
1.1.5		(1)

1.2 Kies die **TOEPASLIKSTE** antwoord op elke vraag. Skryf **SLEGS** die letter van jou keuse in die spasie wat voorsien word.

1.2.1 Watter toestel is **NIE** 'n toevoertoestel nie?

- A Luidspreker
- B Spoorvolgbal
- C Vingerafdrukskandeerder
- D Beheerstok

1.2.1	
-------	--

(1)

1.2.2 Watter funksie word in 'n spreitabel gebruik om die totaal van selwaardes in 'n reeks te bepaal, maar slegs indien daar aan 'n spesifieke voorwaarde voldoen word?

- A AVERAGEIF
- B COUNTIF
- C SUMIF
- D NESTEDIF

1.2.2	
-------	--

(1)

1.2.3 Watter van die volgende help die gebruiker om 'n rekenaarstelsel te organiseer, te onderhou en die doeltreffendheid daarvan te verbeter?

- A Kommunikasiesagteware
- B Nutssagteware
- C Databasisbestuurstelsel
- D Toegangsbeheersagteware

1.2.3	
-------	--

(1)

1.2.4 Watter akroniem verwys na mens–rekenaar-wisselwerking deur die gebruik van visuele kontroles soos knoppies en ikone?

- A BIOS
- B GPS
- C GUI
- D LTE

1.2.4	
-------	--

(1)

1.2.5 Die rekords in 'n databasisverslag is volgens die Leerderveld gegroepeer. 'n Telfunksie word gebruik om te bepaal hoeveel sertifikate elke leerder ontvang het. Hierdie funksie moet in die ... geplaas word.

- A besonderhede-afdeling
- B groepskrifafdeling
- C bladsyvoetskrifafdeling
- D verslagkopskrifafdeling

1.2.5	
-------	--

(1)

1.2.6 Foursquare is 'n mobiele toepassing wat nuwe dienste aanbeveel op grond van jou vorige gebruik van dienste. Foursquare kan dus gekategoriseer word as ('n) sosiale ...

- A inligting.
- B netwerk.
- C wisselwerking.
- D kommunikasie.

1.2.6	
-------	--

(1)

1.2.7 ... is waar die kenmerke van 'n lêer as versteek en leesalleen gestel kan word.

- A File properties
- B File names
- C File extension
- D Al bogenoemde

1.2.7	
-------	--

(1)

1.2.8 Die ...-oortjie op die Microsoft Word-lint sluit funksies soos die aanvaarding of verwerping van die veranderingspoor (*tracked changes*) in.

- A References
- B View
- C Review
- D Developer

1.2.8	
-------	--

(1)

1.2.9 Watter **EEN** van die volgende toepassings is **NIE** 'n webblaaiër nie?

- A Mozilla Firefox
- B Adobe Reader
- C Google Chrome
- D Microsoft Edge

1.2.9	
-------	--

(1)

1.2.10 Watter **EEN** van die volgende is **NIE** 'n voorbeeld van 'n veeldoelige toestel/rekenaar nie?

- A Tablet
- B Webkamera
- C Notaboek
- D Fablet

1.2.10	
--------	--

(1)  
**[15]**

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V1	
-----------------------------------	-------------------	--

**VRAAG 2**

2.1 Kies die **TOEPASLIKSTE** term/frase (onderstreep en tussen hakies gegee) vir elke stelling wat volg. Skryf **SLEGS** die term/frase van jou keuse in die spasie wat voorsien word.

2.1.1 'n Wetlike ooreenkoms wat beskryf wat jy met sagteware mag doen en nie mag doen nie. (AUP/EULA).

2.1.1		(1)
-------	--	-----

2.1.2 'n (Titelbalk/Kieslysbalk) is 'n balk aan die bokant van 'n venster wat die naam van die program waarin jy werk en die naam van die lêer waaraan jy werk, vertoon.

2.1.2		(1)
-------	--	-----

2.1.3 Indien 'n instruksie herhaaldelik deur 'n program gebruik word, word dit tydelik in (sekondêre geheue/cachegeheue) gestoor.

2.1.3		(1)
-------	--	-----

2.1.4 Die wêreldwye adres van 'n webwerf word 'n (Uniform Resource Locator/Unique Resource Locator) genoem.

2.1.4		(1)
-------	--	-----

2.1.5 'n (Slimkaart/Slimetiket) is 'n sakgrootte toestel met ingebedde geïntegreerde stroombane wat data kan verwerk.

2.1.5		(1)
-------	--	-----

2.1.6 Die instruksies om 'n rekenaar te begin (selflaai) word in (RAM/ROM) gestoor.

2.1.6		(1)
-------	--	-----

2.2 Gee 'n toepaslike definisie wat die volgende terme die **BESTE** sal beskryf.

2.2.1 Ergonomie

---

---

---

---

---

---

---

(1)

2.2.2 Samedrukking

---

---

---

---

---

---

---

(1)

2.2.3 Defragmentasiesagteware

---

---

---

---

---

---

---

(1)

2.2.4 Netwerkkoppelvlakbeheerder

---



---



---



---



---



---



---

(1)  
[10]

**25 punte**

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V2	
-----------------------------------	-------------------	--

VIR NASIENER  
SE GEBRUIK



**AFDELING B**

**VRAAG 3            STELSELTEGNOLOGIEË**

3.1    Gee die naam en hoof funksie van die items wat in die beelde in die tabelle hieronder verskyn.

3.1.1



[<<https://www.pcexpress.co.za/>>]

<b>Naam van hardeware</b>	
	(1)
<b>Hooffunksie</b>	
	(1)

VIR NASIENER SE GEBRUIK

3.1.2



[<<https://www.warehouse.co.za/>>]

<b>Naam van hardware</b>	
	(1)
<b>Hooffunksie</b>	
	(1)

3.1.3



[<<https://www.smallbusinesscomputing.com/ProductReviews/Hardware>>]

<b>Naam van hardeware</b>	
	(1)
<b>Hooffunksie</b>	
	(1)

3.1.4



[<<https://simplynuc.co.uk/>>]

<b>Naam van hardeware</b>	
	(1)
<b>Hooffunksie</b>	
	(1)

3.2 Tafelrekenaars word vandag steeds deur baie maatskappye en veral kuberspelers (*gamers*) gebruik. Verwys na die advertensie hieronder wanneer jy die vrae wat volg, beantwoord.



**R14 278,96**  
(Including VAT)

**R13 599,00**

(Discounted price – INC VAT)

Discount only available when paying by EFT

**Standard features include:**

Intel 9<sup>th</sup> Generation Core i7-9700K (3.6 GHz, 12 MB Cache, 8x Cores, Turbo 4.9 GHz CPU)

MSI Z390-A PRO DDR4 LGA 1151 USB 3.1 GEN 2 Intel gaming motherboard

GEFORCE GT 1030 2 GB OC EDITION DirectX12 graphics card

8 GB DDR4 2 666 MHz high-performance gaming RAM with heat spreader

512 GB SSD up to 550 MB/s +speed ultra-fast solid-state drive (OS Drive)

500 W 80+ high-performance power supply

EVETECH TRIO RGB tempered-glass gaming case

6x RGB 120 mm dual-ring high-quality RGB LED fans

Integrated 8 CH high-definition sound card

LCD optional

24 months warranty

[<<https://www.evetech.co.za/intel-9th-gen-cor-i7-9700k-pro-workstation-desktop>> (18/12/2019)]

3.2.1 Waarom is die waarde 4.9 GHz van die Turbo 4.9 GHz SVE (CPU) belangrik, veral as jy 'n kuberspeler is?

---

---

---

---

---

(1)

3.2.2 **Onderskei** tussen 'n vastetoestand-aandrywer (*solid-state drive*) wat in die advertensie genoem word en 'n hardeskyfaandrywer wat as 'n alternatiewe aandrywer gekoop kan word.

Vastetoestand-aandrywer:

---

---

---

---

---

---

Hardeskyfaandrywer:

---

---

---

---

---

---

(2)

3.2.3 Brei die afkorting *LCD* soos dit in die advertensie gebruik word uit.

---

---

(1)

3.2.4 Om jou speelprestasie te verbeter sal jy 'n paar hardewarekomponente moet opgradeer. Verduidelik waarom dit nodig sal wees om die hardewarekomponente wat hieronder aangedui word, op te gradeer, veral vir 'n kuberspeler.

(a) RAM:

---



---



---

(b) Klankkaart:

---



---



---

(c) Grafikakaart:

---



---



---

(d) SVE:

---



---



---

(4)

3.3 Die meeste kuberspelers in Suid-Afrika is bekommerd oor kragonderbrekings en kragstuwings en die effek daarvan op hul rekenaarstelsels.

3.3.1 Noem **EEN** gevaar wat hierdie kragonderbrekings en ander kragverwante probleme vir die rekenaarstelsel kan skep.

---



---

(1)

3.3.2 Watter hardewaretoestel kan kuberspelers gebruik om hul rekenaar teen kragstuwings en kragspitse te beskerm?

---



---

(1)

3.3.3 Wat is die hoof funksie van die bedryfstelsel?

---



---



---



---



---

(1)

3.4 Brei die afkorting *MB* uit.

---



---

(1)

**[20]**

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V3	
-----------------------------------	-------------------	--



**VRAAG 4 INTERNET EN NETWERKTEGNOLOGIEË**

Afrika se eerste 5G-netwerk is hier. Dit is die toekoms van alles wat met die internet te doen het en maak dit vir Suid-Afrikaners moontlik om meer met data te doen as ooit tevore. En dit alles begin met 5G vir die huis.



[<<https://www.rain.co.za>>]

4.1 Identifiseer die **G** in die term **5G**-netwerktegnologie.

---



---

(1)

4.2 Gee **EEN** voorbeeld van hoe 'n kliënt met die internet sal verbind deur 5G-netwerktegnologie te gebruik.

---



---



---



---



---

(1)

4.3 Supersonies is 'n IDV wat 'n hoë posisie ervaar wanneer diensverskaffers in Suid-Afrika vergelyk word. Hulle bied beperkte pakkette, onbeperkte gevormde pakkette en onbeperkte ongevormde pakkette vir hul kliënte aan. Verduidelik elkeen van die volgende terme.

4.3.1 Beperk:

---

---

---

---

---

---

---

(1)

4.3.2 Onbeperk:

---

---

---

---

---

---

---

(1)

4.3.3 Gevorm:

---

---

---

---

---

---

---

(1)







4.8 Brei die afkorting *FTP* uit.

---



---

(1)

4.9 Noem **TWEE** beperkings van die gebruik van wolkverwerking (*cloud computing*).  
 Beperking 1:

---



---



---



---

Beperking 2:

---



---



---



---



---

(2)  
[19]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V4	
-----------------------------------	-------------------	--

**VRAAG 5 INLIGTINGSBESTUUR**

Tegnologie is deesdae 'n integrale deel van die nywerheid. Namate tegnologiese ontwikkeling in die veld van elektronika gevorder het, het geoutomatiseerde beheer van nywerheidsprosesse die voorkeurmetode van beheer in baie nywerheidsmaatskappye geword. Dit maak gebruik van afstandoutomatisering. 'n Nywerheidskommunikasie-maatskappy, Throughput Technologies, bied baie geoutomatiseerde beheeroplossings aan.

**Maak betroubaarheid en werkbaarheid in nywerheidskonnektiwiteit 'n werklikheid in die beheer- en outomatiseringsektor.**  
**ALLES WAT SAAK MAAK**  
**ONS PRAAT NYWERHEIDSDATAKOMMUNIKASIE**

[<<https://www.throughput.co.za/>>]

5.1 Robert Downey Jr is die produksiebestuurder van Cyber Cars Inc. Sy doelwit is om die gehalte van sy produkte te verbeter. Om dit te kan doen, nader Robert Downey Jr Throughput Technologies om hom te help, aangesien hy 'n stelsel wil hê wat hom in kennis sal stel van enige probleme met toerusting en tegnologie wat in Cyber Cars Inc. gebruik word.

5.1.1 Throughput het voorgestel dat 'n alarmstelsel geïnstalleer word sodat die operateur, Chris Hemsworth, van enige probleme in kennis gestel kan word.

Wat moet gedoen word met die toestel wat deur Chris Hemsworth gedra word, om te verseker dat hy van probleme in kennis gestel sal word op sy toestel?

---



---



---



---

(1)

5.1.2 Gee **TWEE** maniere waarop Chris se toestel hom van 'n probleem in kennis kan stel.

---

---

---

---

---

---

---

(2)

5.1.3 Watter maatreëls kan Throughput implementeer om te verseker dat die probleem die nodige aandag sal geniet as Chris Hemsworth nie reageer nie?

---

---

---

---

---

---

---

(1)

5.2 Produksie moet ononderbroke wees. Identifiseer **TWEE** moontlike probleme wat Chris Hemsworth met sy toestel moet monitor om 'n stilstand in produksie te verhoed.

---

---

---

---

---

---

---

(2)



5.3 Identifiseer **TWEE** gevolge wat produksie by Cyber Cars Inc. kan beïnvloed indien Chris Hemsworth nie gewaarsku word oor enige probleme nie.

Gevolg 1:

---



---



---



---



---

Gevolg 2:

---



---



---



---



---

(2)

5.4 Chris Hemsworth moet op 'n maandelikse basis aan Robert Downey Jr terugrapporteer oor hoeveel keer hy waarskuwings oor toerustingsprobleme of tegnologiekwessies ontvang het. Watter toepassingsagteware kan hy gebruik en hoe sal hy dan die data vaslê om akkurate terugvoer te gee?

---



---



---



---



---



---



---



---



---



---

(2)  
**[10]**

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V5	
-----------------------------------	-------------------	--

**VRAAG 6                      SOSIALE IMPLIKASIES**

**Slimfoongebruikers in Suid-Afrika 2014–2023**  
 Gepubliseer deur Arne Holst, 11 Nov. 2019  
 Ongeveer 20 tot 22 miljoen mense in Suid-Afrika, wat ongeveer een derde van die land se bevolking uitmaak, gebruik deesdae 'n slimfoon. Daar word voorspel dat die getal slimfoon-gebruikers teen 2023 met meer as vyf miljoen sal toeneem. Deesdae gebruik byna elke enkele persoon tegnologie op een of ander manier of in een of ander vorm om die lewe makliker te maak. Dit beteken dat ons meer aanlyn is as ooit tevore.

[<<https://www.statista.com/statistics/488376/forecast-of-smartphone-users-in-south-africa/>>]

6.1    Identifiseer die term wat gebruik word om 'n gaping in terme van toegang tot en die gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologie te beskryf.

---



---

(1)

6.2    Inligtingoorlading kan 'n probleem word in jou persoonlike lewe. Gee **TWEE** vaardighede wat jy moet aanleer om die massas inligting wat beskikbaar is, te hanteer.

Vaardigheid 1:

---



---



---

Vaardigheid 2:

---



---



---

(2)

6.3    Definieer die term *aanlyn*.

---



---



---



---

(1)

6.4 Gee **DRIE** gevare wat die voortdurende gebruik van jou slimfoon vir jou gesondheid kan inhou.

Gevaar 1:

---

---

---

---

---

Gevaar 2:

---

---

---

---

---

Gevaar 3:

---

---

---

---

---

(3)

6.5 Wat is die term wat algemeen gebruik word vir die manipulering of uitlokking van 'n gebruiker om vertroulike inligting, byvoorbeeld wagwoorde, weg te gee?

---

---

(1)





7.3 Eric is bekommerd dat hy die mediese inligting in die tabel vir elke pasiënt se diagnose sal moet oortik. Jy verduidelik dat jy Tabel 1, die kliënt se tabel, en Tabel 2, die tabel vir mediese inligting, met mekaar kan verbind.

7.3.1 Gee die frase/sin wat deur databasisprogrammeerders vir hierdie verbinding van tabelle gebruik word.

---



---

(1)

7.3.2 Watter prosedure sal jy, in algemene terme, volg om die twee tabelle te verbind?

---



---



---



---



---



---



---



---



---



---

(2)

7.4 Gee 'n algemene naam vir 'n HTML-element soos "<h1>" of "</b>".

---



---

(1)

7.5 Verduidelik hoe jy 'n HTML-lêer sal oopmaak sodat jy die HTML-kode kan redigeer.

---



---



---



---



---



---

(2)

7.6 Voltooi die tabel hieronder deur die rede te beskryf waarom jy die volgende elemente as deel van die kode van 'n HTML-lêer sal insluit.

Element	Rede om dit in jou HTML-struktuur in te sluit
7.6.1 <p> ... </p>	
7.6.2 <!-->	

(2)  
[14]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V7	
--------------------------------	-------------------	--

**75 punte**

VIR NASIENER  
SE GEBRUIK

**AFDELING C**

**VRAAG 8 GEÏNTEGREERDE SCENARIO**

**Lewer glimlagte af sedert 1998**

Globeflight, 'n waarlik Suid-Afrikaanse suksesverhaal met uitstekende prestasies tot nou toe, wil geesdriftig 'n koerierdiens van hoë gehalte aan jou en jou besigheid lewer.

Dink aan ons as jou vriendelike eenstopkoerierdiens!

Kyk hoe Globeflight 'n verskil vir jou en jou besigheid kan maak:

- 24/7/365 vinnige aflewering.
- Wêreldwye dekking en logistiek.
  - Uitgebreide vloot.
  - Hoogs gespesialiseerd.
- Die allernuutste tegnologie.
- Die allerbeste kliëntediens.
  - Passie vir mense.

**Ons sê wat ons doen en doen dan wat ons sê.**

[<<https://www.globeflight.co.za/>>]

8.1 Die rekenaars by die Globeflight Hoofkantoor moet in 'n netwerk verbind word. Hoe verskil 'n netwerkbediener van 'n gewone PR wat met die netwerk verbind is?

---



---



---



---



---



---

(2)





8.4 Alle Globeflight-operateurs gebruik fisiese sleutelborde in plaas van sleutelborde op hul skerms. Gee **EEN** rede waarom die maatskappy die gebruik van fisiese sleutelborde sal verkies afgesien daarvan dat dit vinniger is.

---

---

---

---

---

(1)

8.5 Gee **TWEE** redes waarom Globeflight nie hul werknemers sal toelaat om hul eie draagbare bergingsmedia werk toe te bring nie.

Rede 1:

---

---

---

---

---

Rede 2:

---

---

---

---

---

(2)

8.6 Wanneer Globeflight hul pakkies versend, gebruik hulle 'n strepieskode-skandeerder. Gee **EEN** voordeel van die gebruik van 'n strepieskodeskandeerder.

---

---

---

---

---

(1)

8.7 Globeflight besluit om 'n visueel gestremde operateur in diens te neem om oproepe te neem en data vas te lê. Gee **DRIE** voorbeelde van gespesialiseerde toevoer- of afvoertoestelle wat die operateur sal help.

Voorbeeld 1:

---

---

Voorbeeld 2:

---

---

Voorbeeld 3:

---

---

(3)

8.8 Globeflight wil toepassings laat ontwikkel wat met beide Android en Microsoft versoenbaar sal wees. Verduidelik wat met hierdie stelling bedoel word.

---

---

---

---

---

---

(1)

8.9 Waarom is dit, wanneer Globeflight nuwe sagteware installeer, belangriker dat hul hardeware aan die aanbevole vereistes van die nuwe sagtewareprogram voldoen eerder as aan die minimum vereistes van die sagteware?

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

(2)

8.10 Globeflight wil hul diens gedurende die jaar monitor en op maandelikse statistiek fokus.

8.10.1 Watter tipe grafiek sal jy aanbeveel dat hulle gebruik om hierdie maandelikse statistiek te vertoon? Motiveer jou antwoord.

Grafiektipe:

---

Motivering:

---



---



---



---



---



---

(2)

8.10.2 Noem **VIER** belangrike elemente wat in enige grafiek moet wees om te verseker dat die grafiek leesbaar, verstaanbaar en effektief sal wees.

---



---




---



---

(4)

8.11 In die figuur hieronder het jy 'n keuse van vier sosialemedia-platforms wat gebruik kan word om meer oor Globeflight te wete te kom. Identifiseer die platforms in die spasies wat voorsien word.



A \_\_\_\_\_  
 B \_\_\_\_\_  
 C \_\_\_\_\_  
 D \_\_\_\_\_

(4)  
[26]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V8	
-----------------------------------	-------------------	--

**VRAAG 9 GEÏNTEGREERDE SCENARIO (vervolg)**

9.1 Globeflight se IT-departement moet die optimale werkverrigting van alle rekenaars verseker.

9.1.1 Die Disk Cleanup-sagteware kan gebruik word as 'n opsie om die werkverrigting van hul rekenaars te verbeter. Definieer die term *Disk Cleanup* en verduidelik hoe dit werk.

Definisie:

---



---



---



---

Hoe dit werk:

---



---



---



---

(2)

9.1.2 Identifiseer 'n ander metode wat gebruik kan word om spasie op die hardeskyfaandrywer beskikbaar te maak.

---



---



---



---

(1)

9.2 Wanneer 'n kliënt die Globeflight webwerf besoek, verskyn die volgende opwipboodskap:



[<https://www.google.com/search?cookie\_consent>]

9.2.1 Definieer die term "koekie" (*cookie*) wat in die boodskap gebruik word.

---

---

---

---

---

---

---

(1)

9.2.2 Gee **EEN** rede waarom 'n koekie voordelig kan wees vir 'n kliënt afgesien daarvan om te verseker dat jy die beste ervaring het wanneer jy 'n webwerf besoek.

---

---

---

---

---

---

---

(1)

9.3 Een van Globeflight se kliënte merk op dat wanneer sy haar webblaaier oopmaak, dit direk na die Globeflight-webwerf toe gaan. Sy sal verkies dat dit direk na 'n soekenjin toe gaan.

Wat is die verskil tussen 'n webblaaier en 'n soekenjin?

9.3.1 Webblaaier:

---



---



---

(1)

9.3.2 Soekenjin:

---



---



---

(1)

9.4 Die hoof finansiële beampte van Globeflight moet 'n maandelikse aanbieding van die finansiële status van die maatskappy skep. 'n Grafiek uit 'n spreitabel is in die aanbieding ingevoeg, maar elke keer wanneer die data in die spreitabel verander, moet die grafiek weer geteken en weer in die aanbieding ingevoeg word. Verduidelik kortliks die **DRIE** stappe wat sy kan doen om te verhoed dat dit elke keer gedoen moet word wanneer die data verander.

Stap 1:

---



---



---



---

Stap 2:

---



---



---



---

Stap 3:

---



---



---



---

(3)

9.5 Die uitvoer en invoer van data is belangrike prosesse wanneer daar met data en inligting gewerk word. Verduidelik kortliks die verskil tussen hierdie twee prosesse.

9.5.1 Uitvoer:

---



---



---



---

(1)

9.5.2 Invoer:

---



---



---



---

(1)

9.6 Die sekretaresse het 'n splinternuwe inkstraaldrukker ontvang. Die drukker word met die rekenaar verbind en daar is kommunikasie tussen die rekenaar en die drukker. Dit wil egter nie druk nie.

Noem **TWEE** moontlike oorsake van hierdie probleem.

Oorsaak 1:

---



---



---

Oorsaak 2:

---



---



---



---

(2)



9.7 Die bemerkingsbestuurder wil 'n vraelys opstel om Globeflight se diens te beoordeel.

9.7.1 Noem 'n tipe dokument wat met 'n woordverwerker geskep word wat respondente sal toelaat om 'n vraelys elektronies te beantwoord.

---



---

(1)

9.7.2 Gee **EEN** aspek wat oorweeg moet word wanneer 'n vraelys opgestel word wat die bemerkingsbestuurder sal toelaat om relevante data te versamel wat doeltreffend ontleed kan word.

---



---



---



---



---

(1)

9.7.3 Die volgende reël is in 'n databasis ingevoeg om onakkurate toevoer te verhoed, aangesien Globeflight wil verseker dat 'n bestuurder nie meer as agt uur op die pad deurbring wanneer pakkies afgelewer word nie.

$\leq 0$  OR  $\geq 8$

Gee **TWEE** redes waarom hierdie reël irrelevant, onbruikbaar of verkeerd is.

Rede 1:

---



---

Rede 2:

---



---



---



---

(2)

9.8 Aangesien Globeflight verkies dat hul werknemers met 'n fisiese sleutelbord werk wanneer hulle data vaslê, stel 'n pas aangestelde werknemer die gebruik van 'n virtuele sleutelbord voor.

Verduidelik kortliks wat met die term *virtuele sleutelbord* bedoel word en gee **EEN** moontlike voordeel en **EEN** moontlike nadeel van die gebruik van so 'n sleutelbord.

9.8.1 Virtuele sleutelbord:

---

---

---

---

---

---

(2)

9.8.2 Voordeel:

---

---

---

---

---

---

(1)

9.8.3 Nadeel:

---

---

---

---

---

---

(1)

9.9 Die werknemers moet verseker dat hulle altyd op hoogte bly van die jongste weer-voorspelling, aangesien dit die tyd wat dit sal neem om 'n pakkie af te lewer, kan beïnvloed. Hierdie toepassing moet sigbaar wees sodra die operateurs op hul rekenaars aanteken.

Gee die algemene naam wat gegee word vir hierdie tipe toepassing wat hulle sal benodig en gee een ander voorbeeld van hierdie tipe toepassing.

Algemene naam:

---

'n Ander voorbeeld:

---

(2)  
[24]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V9	
-----------------------------------	-------------------	--

**50 punte**

**Totaal: 150 punte**

